## Assesseringsadministrasie, Akademiese Rekords en Gradekantoor

### Senior toesighouers/toesighouers vir assesseringsessies (talle poste) (Deeltyds/per assesseringsessie op die Stellenbosch-kampus vir die duur van die middeljaar-assesseringstydperk: 18 Mei – 27 Junie 2026)

*Die Assesseringsadministrasie, Akademiese Rekords en Gradekantoor (Assesseringskantoor) by die Universiteit Stellenbosch benodig die dienste van toesighouers vir die middeljaar-assesserings wat deur die sentrale Assesseringskantoor op die Stellenbosch-kampus geadministreer word. Daar is verskeie poste vir senior toesighouers en toesighouers gedurende die assesserings van* ***18 Mei tot 27 Junie 2026*** *beskikbaar.*

*Let asseblief daarop dat hierdie poste slegs vir* ***eksterne aansoekers*** *beskikbaar is. Aansoeke deur personeel en studente van die Universiteit Stellenbosch sal nie oorweeg word nie.*

**Pligte**:

- 'n **Senior toesighouer** is verantwoordelik vir die doeltreffende toesighouding oor assesserings-lokale deur te verseker dat assesserings volgens die institusionele reëls en regulasies verloop. Die rol behels ook toesighouding oor die toesighouers in die spesifieke lokaal, ondersteuning van studente en om die integriteit, billikheid en gladde verloop van assesserings te verseker.
- **Toesighouers** ondersteun die senior toesighouer in die lokaal en voer verskeie take uit wat aan hulle toegeken word. Verantwoordelike sluit onder meer in: hulp met toesighouding gedurende assesserings en om te help verseker dat assesseringsprosedures presies nagekom word.

**Vereistes:**

- Neem asseblief kennis: Personeel en studente van die Universiteit Stellenbosch **kan nie** vir die toesighouerposte **aansoek doen nie**. Net **eksterne kandidate** sal oorweeg word.
- Minimum-kwalifikasie: Matriek
- Moet betroubare vervoer hê omdat stiptelike aankoms voor sessies nie onderhandelbaar is nie.

**Aanbevelings**:

- 'n Agtergrond in die hoëronderwys of sekondêre onderwys sal voordelig wees.
- Vorige ervaring van toesighouding sal voordelig wees.

**Aanvangsdatum:**
Suksesvolle kandidate moet beskikbaar wees:

- om al die **opleidings- en inligtingsessies** (vir die volle duur van daardie sessies) by te woon voordat die assesseringstydperk begin.
- vir die volle duur van die middeljaar- assesseringstydperk van **18 Mei tot 27 Junie 2026**.

**Sluitingsdatum:**
**31 Maart 2026** teen **16:00** Suid-Afrikaanse Standaardtyd (SAST).

**Navrae oor die pos:** Mnr Gary Kirsten by 021 808 9367, of garyk@sun.ac.za

**Vergoeding:**
Senior toesighouer: R450 per sessie vir *konsessielokale | R400 vir nie-konsessie-lokale
Toesighouer: R350 per sessie vir *konsessielokale | R300 vir nie-konsessie-lokale
*Konsessielokale maak voorsiening vir ekstra skryftyd.

**Doen aanlyn aansoek by:** https://sun.jotform.com/GaryK/Link teen 16:00 (SAST) op **Dinsdag, 31 Maart 2026.**